# Die Voortrekkers:

# Stigters van 'n nuwe land en volk

J M G Storm

Universiteit van Pretoria

Abstract

The Voortrekkers: Founders of a new country and nation

In this article a short view is given on how and why the Great Trek occurred about 150 years ago. The Voortrekkers, especially from the view of the London Missionary Society, were thought totally unfit to establish any kind of civilisation and any form of government. Although it took time, hardship and the loss of many lives, the Voortrekkers succeeded in occupying the empty hinterland of South Africa. The participants of the Great Trek indeed laid the foundations not only of a new country, but also of a new nation – the Afrikaner volk.

Professor A D Pont was nooit skaam om 'n Afrikaner genoem te word nie. Ook was die geskiedenis van die Afrikaners vir hom nooit 'n verleentheid nie. Miskien het hy meer as enigiemand in die Nederduitsch Hervormde Kerk deur middel van artikels, voordragte by verskillende kerkhistoriese genootskappe en verskillende vergaderings, as spreker by vele Geloftedagherdenkings en op baie ander geleenthede die wordingsgeskiedenis van die Afrikanervolk, wat so nou verbonde is met die wordingsgeskiedenis van die Hervormde Kerk, begrond en verwoord. Daarom wil ek graag in hierdie gedenkuitgawe, op die voetspoor van professor Pont, hulde bring aan hulle wat in hierdie land, na die mens gesproke, die Hervormde Kerk geplant het en die land bewoonbaar gemaak het.

## 1. WIE WAS DIE VOORTREKKERS?

Eenhonderd en vyftig jaar gelede, in die middel van die dertigerjare van die vorige eeu, het daar op Suid-Afrikaanse bodem 'n gebeurtenis plaasgevind wat die lotgevalle van die Afrikanervolk tot vandag beïnvloed het: Tydens hierdie jare het 'n groot groep Afrikaanssprekende grensboere die Britse Kaapkolonie verlaat met die bedoeling om nooit weer terug te keer nie. Hierdie gebeurtenis is die 'Groot Trek' genoem. Die Groot Trek was 'n sleutelgebeurtenis in die geskiedenis van die Afrikaner en was miskien die belangrikste rede waarom die Afrikanervolk tot vandag toe nog voortbestaan. Die mense wat getrek het, het hulleself emigrante, reisigers, landsverhuisers of uitgewekenes genoem. Later is aan hulle die eretitel 'Voortrekkers' gegee – met reg ook, want hulle het die binneland van Afrika vir die Afrikaner oopgestel.

Maar wie was hierdie mense? Wat se soort mense was hulle? Hoe het die Voortrekkers geleef en geglo? Met die nagaan van historiese bronne is dit opvallend om op te merk hoe 'n wye reeks van menings daar bestaan oor die kwaliteit en karakter van die Voortrekkerpioniers. Dr John Phillip, bekende sendeling van die Londonse Sendinggenootskap, het die Afrikanergrensboer opgesom as 'n gebore woesteling wat net geleef het om Swartes se kinders te verslaaf en homself verryk het deur nie-blankes se beeste te steel. Phillip se skoonseun, John Fairbairn, die redakteur van die Kaapse koerant, die *South African Commercial Advertiser* en ene eerwaarde M Champion is dieselfde mening toegedaan en teken die Vootrekkers in net sulke swart klere. So is die Voortrekkers beskryf as 'n groep mense wat geen vaderlandsliefde of bindinge ken nie, onkundige mense wat 'n afkeer gehad het van kerke, howe, skole en belasting. Retief was 'n malmens en die ander leiers van die Voortrekkers onbevoeg om enigiets blywends of van waarde in die binneland tot stand te bring. Volgens die *Advertiser* was die Voortrekkers vlugtelinge, mense met geen selfbeheersing nie, opstandelinge teen 'n wettige regering wat die Kaapkolonie verlaat het ter wille van 'n lekker lewe en 'n grondhonger, mense wat smag na genot maar te lui is om te werk (*SA Commercial Advertiser* 1837).

Ook swart geskiedskrywers het nie veel waardering vir die Voortrekkers nie. So word die Afrikaners wat deelgeneem het aan die Groot Trek beskryf as swakkelinge wat uit vrees vir die Xhosa noordwaarts padgegee het, en as agterlike, aggressiewe, feodale invallers wat met sendelinge se hulp onregverdige voordele behaal het uit twiste tussen stamme (Muller 1974:37).

Miskien uit reaksie teen hierdie vertekende beeld van die Voortrekkers word hulle soms weer van Afrikanerkant eensydig as mense sonder foute geskets.

Wanneer die historiese werklikheid nagegaan word, blyk dit dat die Voortrekkers voortreflike eienskappe sowel as foute, swakhede en gebreke geopenbaar het.

As gevolg van hulle lewensomstandighede, waar elke man op sy eie plaas, redelik ver uitmekaar, sy gesin moes versorg, sy familie en besittings teen rowers en ongediertes moes beskerm, was elkeen sy eie leidsman en het almal min of meer 'n gelyksoortige lewenservaring en -wysheid besit en was die Voortrekkers in eie oë gelykwaardige individue.

Hierdie gelykheidsgevoel het 'n gees van individualisme en 'n selfstandigheid ontwikkel wat ongevraagde inmenging moelik kon duld en het soms op noodlottige tweespalt en twis uitgeloop soos tydens die Groot Trek en soms daarna plaasgevind het.

Verder was dit so dat die Trekkerboere intellektueel swak ontwikkel was. Omdat hulle wyd verspreid en ver van die bestaande dorpies gewoon het, was daar nie sprake van georganiseerde onderwys nie. Die gevolg was dat die meeste grensboere maar self voorsiening moes maak vir die onderwys van hulle kinders. Dit het beteken dat onderwys beperk was tot die aanleer van die vermoë om te kan lees en skrywe en om 'n bietjie rekenkunde te doen. Hoewel die meeste Voortrekkerkinders wel deur hulle ouers opgevoed is om in die Afrikanergemeenskap in te pas, was die formele onderwys wat hulle ontvang het, maar elementêr.

Aan die anderkant het juis sy isolasie die Afrikaner geleer om so veel as moontlik selfversorgend te wees. Geleer deur die lewe, in staat om feitlik alles wat hy nodig gehad het om van te kon leef, self te produseer of te maak, tuis in die natuur, was die Afrikaner toegerus vir die ontbering, swaarkry en teenspoed wat dikwels met 'n pioniersbestaan saamgegaan het. Hoewel nie ontwikkeld in die Europese sin van die woord nie, was die Afrikaner aangepas by sy tyd en omgewing en kon hy al die eise wat aan hom gestel is, die hoof bied.

Wat egter opval is dat nieteenstaande hulle afgesonderheid op afgeleë plase, en gebrek aan formele onderwys en ontwikkelingsgeleenthede, die Voortrekkers op geestelike gebied nie agteruit gegaan het nie, want elke gesin het 'n Bybel gehad en daaruit gelees. Dit het die vanselfsprekende gevolg gehad dat die Woord van God 'n sterk rigtinggewende en beïnvloedende faktor was in die lewe van menige Afrikaanse boer. Omdat ander publikasies nie beskikbaar was nie, was die Bybel in baie huise die enigste boek en daarom het dit 'n soort 'handboek' vir die Voortrekker geword en op elke lewensterrein sy gesag gehad. Dit was beskawingsfaktor nommer een vir nuutgebore geslagte (Wolmarans s j:192). Vanuit die sentrale posisie wat die Bybel beklee het, was dit vanselfsprekend dat die kinders geleer moes word om die Bybel te kan lees. Juis hierdie impuls het voorkom dat die Afrikaner 'n analfabeet geword het. Aangewys op die Bybel, het dit die Boer se leesboek geword wat weer sy denke en gedagtes gevorm het. Veral die Ou Testment is sorgvuldig gelees. Daarin het die Afrikaner 'n opvallende parallel tussen hulleself en die ou ver-

bondsvolk Israel gesien. Vanuit hierdie parallel het die Afrikanerboer wat worstel met natuur en heidendom in die Ou Testament gelees dat Israel in sy stryd 'n uitdruklike bevel van nie-vermenging ontvang het. As Israel hom nie afsonder nie, sal hy verbaster, sal die ware geloof in gedrang kom en sal hy gestraf word. Dié parallellie was vir die Afrikaner onmiddellik duidelik: Hulle moes nie vermeng nie en moes as blanke volk hulself isoleer ter wille van die geloof. En dit het die Voortrekkers se siening in die praktyk geword en daarom het hulle nooit in die heidense massas verdwyn nie.

Juis vanweë sy vaste geloof en aanvaarding van die Skrif het die Voortrekker verder vasgehou aan sy waardering vir die familie en die huisgesin. Daarom was die patriargale familiebeskouing, soos dit in die Bybel na vore kom, die patroon waarvolgens hy geleef het. Die vader was die hoof en leier van die gesin en het sodanig 'n byna absolute gesagsposisie bo sy huisgenote gehad. As hoof is hy geëer en gehoorsaam. Ouerlike gesag was finaal en kinderlike gehoorsaamheid vanselfsprekend. Die resultate was 'n hegte gesinsverband wat die gevolge gehad het dat egbreuk, verpligte huwelike, te vroeg gebore babas en onsedelikheid skaars was. 'n Streng maar aanvaarde dissipline en 'n gesonde gesagsstruktuur ontleen aan die Bybel, het gesorg vir 'n welgeordende huisgesin onder die Voortrekkers.

In sy omgang met die Bybel het hy egter ook geleer dat hy hulpeloos en nietig voor God staan. Teenoor sy medemens het hy geleef as 'n selfstandige koning, maar teenoor God was hy klein en diep afhanklik; aan God is alles en almal onderworpe – mens en natuur – en voor Hom moet almal buig.

Die Voortrekker het hierdie volslae afhanklikheid van God daagliks beleef in die gang van die natuur, die beskerming en bewerking van sy plaas, in die voorspoed en teëspoed van sy gesin. As dit droog is en sy graan vergaan, as plae sy ekonomiese bestaan bedreig, dan het hy daarin die hand van God gesien. Daar is vas geglo dat God eenvoudig die beste weet en die mens se lewe ooreenkomstig lei (Spoelstra 1963:25). Daarom moes hierdie volkome afhanklike mens hom aan God en sy wil en besluite nederig onderwerp en hom voor God se alsiende oog verantwoordelik gedra en gehoorsaam lewe. In sy godsdienstige en sedelike lewe, arbeid en gedrag sou die Voortrekker daarom poog om God en sy Wet te gehoorsaam.

Uit tydgenootlike bronne word daar ook gespreek van die Grensboer se ordeliewendheid en beginselvastheid, sowel daarvan dat hulle godsdienstig en gelowig was en dat lewe in die huislike kring sowel as in die openbaar van 'n hoë sedelike gehalte was. Hiervan getuig onder andere sir Benjamin D'Urban, goewerneur van die Kaapkolonie ten tye van die Groot Trek, as hy die Voortrekkers beskryf as dapper, geduldige, hardwerkende, ordeliewende en gelowige mense, 'n groot verlies vir die Kolonie (*G H Despatch Book* 23/11). Ook die gemeente van Uitenhage ver-

klaar in sy verslag van 1839 aan die Ring van Graaff-Reinet dat van hulle getrouste kerk- en Nagmaalgangers onder die mense was wat gedurende die Groot Trek die gemeente verlaat het (Wichman s j:3).

Ons kan dus aflei dat, nieteenstaande die foute en gebreke wat die Voortrekkers gehad het, en al is hulle ook veral deur tydgenootlike Engelse koerante as swerwers en woestelinge uitgeskel, die oorweldigende getuienis uit geskiedenisnavorsing toon dat hulle nederige, hardwerkende en gelowige mense was.

## 2. DIE REDES VIR DIE GROOT TREK

Die Groot Trek was geensins 'n spontane volksverhuising nie. Dit was die beste oplossing wat 'n groep Afrikanergrensboere kon bedink om hulle te verwyder uit 'n toestand wat vir hulle ondraaglik begin lyk het. Dit was 'n beweging van die grensboer om uit sy geboorteland waar hy geminag en onderdruk is te trek en vir hom êrens in die binneland van Afrika 'n nuwe en eie vaderland te soek. Hierdie trekgedagte en die latere werklike Groot Trek is 'n gebeurtenis wat algaande en geleidelik inslag gevind het en verskeie redes gehad het.

Uit die aard van die saak het baie verskillende sake bygedra om die grensboer te beweeg om met sy familie en besittings die kolonie te verlaat en die onbekende wildernis van die binneland sy nuwe woning te maak (Muller 1974).

'n Tekort aan grond het 'n redelike belangrike rol gespeel om sommige grensboere tot trek te beweeg. Slegs 'n klein aantal boere op die Oosgrens het hulle eie grond gehad en baie gesinne het op dieselfde plase gewoon deurdat grond skaars en pryse hoog was. Ook het die uitmeet van die plase gesloer en is dit dikwels nog verkeerd gedoen.

In daardie jare het die Kaapkolonie gesukkel met 'n ongunstige bankbalans en daar was weinig geld in omloop. Die kapitaalverlies is vererger deur die vryskelding van die slawe deurdat slawebesitters ongeveer twintig persent van die waarde van hulle slawe ontvang het. Ook het kroniese strooptogte deur inboorlinge op die Oosgrens die grensboer nog meer verarm. Verder was die Britse regering in Engeland op besparing ingestel wat daaroe gelei het dat die Britse troepe aan die Kaap baie verminder is. Die direkte gevolg hiervan was 'n nog swakker beveiliging van die Oosgrensboere, meer strooptogte deur die inboorlinge en nog meer verliese vir die grensboere. So het die Sesde Grensoorlog van 1834/1835 'n kapitaalverlies van omtrent een miljoen rand tot gevolg gehad.

Alhoewel bogenoemde sake sekerlik bygedra het tot die Groot Trek, toon historiese navorsing egter dat die belangrikste enkele rede daarvoor die ingryping van

die Britse owerhede in die Afrikanerboer se lewensbestaan en -beskouing was wat bygedra het tot beslissing om te trek (Duvenhage 1986:8-9).

Onder druk van die destydse Europese humanistiese en liberale politiek en sosiale denkbeelde het die Britse beleidmakers die verskyndenheid van die Kaapkolonie se veelvolkige samelewing geïgnoreer. Ten spyte van die etnologiese, godsdienstige, kulturele, maatskaplike en beskawingsverskille het hulle dieselfde verhoudingsbeleid op die Kaapkolonie afgedwing as wat vir die ontwikkelde Wes-Europese beskawing praktiese politiek was. Daardeur is mense- en volkereverhoudings ernstig versteur en het 'n vertrouenskriris tussen die Afrikanergrensboer en die Britse owerheid ontwikkel.

Die ingrypende veranderinge in die Kaapkolonie is bewerkstellig deur die proklamasie van Ordonnansie 49 en 50 waarin die blanke in 1829 met gekleurdes en ná 1834 ook met sy slaaf gelykgestel is. Hierdie integrasionistiese wetgewings het die grensboer as 'n vertrapping van sy lewensstyl en tradisie beskou. Verder het dit hom diep gegrief omdat hierdie wetgewings wat hom so intiem geraak het, geneem is sonder om hom in die saak te ken. Gelykstelling tussen blanke werkgewer en gekleurde werknemer is as 'n vernedering beskou. As in gedagte gehou word dat hy die nie-blanke leer ken het as 'n onbeskaafde wese wat geen godsdienstige waardes geken het nie en wat vir lewe of eiendom nie die minste respek gehad het nie, was die heftige reaksies verstaanbaar. Die geloof het posgevat dat onder die Britse regering die reg alleenlik vir die gekleurde bestaan en dat daar teen die blankes gediskrimineer word.

Hiermee saam het die moeilike ekonomiese lewenstoestand wat bogenoemde wetgewing veroorsak het bygedra tot gegriefdheid en ontevredenheid van die Afrikanergrensboer en dit het uiteindelik aanleiding gegee tot wantroue:

> Daar was wantroue in die regering wat toelaat dat hulle verlore vee in die besit van Xhosa-stropers en ander rowers bly; wantroue in die regering se verdraagsame en onrealistiese houding teenoor die grensstamme. Daar was wantroue in die regering se bereidwilligheid en vermoë om hulle te beskerm of hulle besittings te waarborg, wat onvoldoende troepe vir hulle verdediging daargestel het, wat hulle kruitvoorraad in gevaarlike tye beperk het en wat blykbaar onwillig gestaan het teenoor die ruïnering en uitwissing van die blanke grenspionier. Daar was wantroue in 'n regering wat hulle huishoudelike dissipline oor werknemers ondermyn het en dit oorgedra het aan moeilik bereikbare magistrate; wantroue in die morele kode van 'n regering wat hulle met slawekompensasie gelde gekul het, in 'n regering wie se plaaslike amptenare onvoldoende of onbevoeg of onmagtig of onwillig

> was om die grensboer se belange te behartig en die grensadministrasie in chaos laat verval het. Daar was wantroue in 'n regering wat hulle in 'n toestand van onsekerheid, onveiligheid, onrus en vrees gedompel het en hulle weerloos teenoor hulle fisieke en ideologiese vyande gelaat het.
>
> (Duvenhage 1981:19)

Gaandeweg het die verbittering en wantroue oorgegaan in afkeer, verset en weersin in die Britse bewindhebbers. Segsmanne soos Piet Retief wat duidelik die redes van die Voortrekkers vir hulle verhuising aangedui het, toon aan dat die Voortrekkers weggetrek het om verlossing te soek uit 'n toestand van ergernis en kommer wat op die lange duur vir hulle ondraaglik begin word het.

Om op te som: Daar was 'n same- en wisselwerking van verskillende stoflike en geestelike beweegredes wat die Afrikanergrensboer tot die besef gebring het dat sy bestaan ondraaglik begin word het. Daarom het hulle getrek met die goedbegrepe en deurdagte doel, naamlik om die identiteit van 'n aparte volksgroep, te wete die Nederlandse Afrikaner te handhaaf en te bestendig en 'n vrye en staatkundige staat in te rig en uit te bou waarin hulle volgens eie tradisie en onder eie wette kon leef.

## 3. BELANGRIKE KERKLIKE GEBEURE TYDENS DIE GROOT TREK

### 3.1 Die Voortrekkers en hulle kerk

Die Groot Trek was nie net die sleutelgebeurtenis met betrekking tot 'n staatkundige verdeling in Suid Afrika nie, maar dit het ook die weg help voorberei vir die totstandkoming van die verskillende Afrikaanse kerke in ons vaderland. Die rede hiervoor was dat die Kaapse Kerk (amptelik tot 1842 bekend as die Ned Herv Kerk in Zuid-Afrika en ná 1842 as die Ned Geref Kerk) nie bereid was om die Groot Trek te steun nie. Nie alleen het geen predikant die Voortrekkers vergesel nie, maar ook het die Kaapse Kerk amptelik die Groot Trek veroordeel.

Volgens die kerk in die Kaapkolonie, wat hulle gedagtes tydens November 1837 se Sinodesitting aangaande die Groot Trek in 'n 'Herderlijke Brief' geformuleer het, was die volgende duidelik (Pont s j:91): Die Sinode het die Groot Trek as 'n dwaasheid beskou. Die Voortrekkers was mense wat sonder 'n geestelike leier, 'n Moses en 'n Aäron die wildernis intrek. Daarom beskou die Sinode die verhuisende lidmate as wegtrekkers, as nomadestamme wat as gevolg van die Groot Trek hulle doopbelofte en die belofte wat afgelê is by die openbare belydenis van geloof sal ontduik. Verder was die Sinode van oortuiging dat hierdie lidmate weier om hulle kruis as onderdane van die Britse regering te dra en só die Heiland te volg. Hier word dus

met 'n stilswyende beroep op Romeine 13, waar die onderwerping aan die owerheid geeïs word, die hele Groot Trek afgekeur.

Verder spreek die Sinode van die wegtrekkende lidmate as mense wat eerder die troonbestyging van Koningin Victoria moet toejuig en hulle hoop en verwagting op haar moet vestig. Hulle doen dit sonder om êrens in die herderlike skrywe te vermeld dat die Voortrekkers juis as gevolg van die Britse beleid getrek het. Hierdie merkwaardige argument wat van die troonbestyging van Victoria in 1837 soveel verwag, toon hoe die Sinode uit voeling was met die gedagtes, opvattings en ideale van die wegtrekkende Oosgrensboere.

Ter versagting van hierdie besluit moet gemeld word dat die predikante op die Oosgrensdorpe byna sonder uitsondering Engelse of Skotte was, wat juis daar geplaas is deur die owerheid sodat hulle die verengelsingsbeleid kon bevorder. Verder was die meeste Afrikaanse predikante, soos dit met baie Afrikaners in die westelike dele van die Kaapkolonie die geval was, erkende Anglomane, dit wil sê, pro-Britse onderdane wat vanuit 'n totaal ander dink- en leefwêreld as die wegtrekkende Afrikaners geoordeel het.

Bogenoemde het daartoe aanleiding gegee dat heelparty predikante die Groot Trek met mening teengestaan het.

## 4. DIE VRYHEIDSIDEAAL VAN DIE VOORTREKKERS

Elke ras en volk en stam het sy eie tradisies, sy eie godsdiens, sy eie leefwyse, sy eie maniere van doen, sy eie waardes – so ook die Afrikaner. Vandat die Britse regering die Kaap in 1795 verower het, is daar 'n daadwerklike aanslag gemaak op die Afrikanervolk se lewensbeskouing. Dit het grootliks gebeur omdat naïewe sendelinge van die London Missionary Society 'n nie-blankebeleid voorgeskryf het en wat deur die Britse bewindhebbers uitgevoer is wat die voortbestaan van die Boer bedreig het. Dit was die beleid van integrasie tussen blank en gekleurd.

Hierdie beleid het gelei tot die ruïnering van duisende mense en tot die berowing en uitmoor van honderde grensboerfamilies. So onhoudbaar het die situasie geword dat die grensboere verplig was om die Kaap te verlaat. Dit het die Groot Trek tot gevolg gehad. Algou het die vyandige Britse pers, weer eens met die luide saamgeskreeu van Engelse geestelikes, verklaar dat die trekkende Afrikaners onbevoeg is om enigiets permanent in die binneland van Afrika tot stand te bring. Hierdie gedagte word mooi onderskryf deur ene eerwarde M Champion met die volgende woorde: 'Their ignorance, their parties, their ungodliness make it impossible that they can unite in any form of government. Far less are they prepared for independence than the worst of the South American States' (Kotze s j:215).

Champion en sy geesgenote kon nie verder van die waarheid af gewees het nie. Want in die leë binneland van Afrika sou hierdie pioniers, ongeag hulle tekortkominge, nie alleen vrede en rus bring nie, maar sou hulle ook die stigters word van onafhanklike republieke waarin hulle nageslag kan woon en werk.

Die Voortrekkers se ideaal was vryheid – vry van Britse oorheersing, vry van die heerskappy van 'n filantroop soos dr Phillip, vry van 'n vyandige owerheid wat al die skuld van die probleme op die Oosgrens voor die deur van die blanke grensboer gelê het. Hulle ideaal was om hulleself te regeer volgens hulle eie wette, waardes en tradisies.

Aan bogenoemde sake het die Voortrekkers spoedig aandag gegee. Reeds in Desember 1836 is daar aan die Groot Trek 'n georganiseerde grondslag gegee. Op 2 Desember 1836 word 'n 'Burgerraad' bestaande uit Christiaan Liebenberg, Pieter Greyling, Stefaans Jansen van Vuuren, Daniël Kruger en Gerhardus Bronkhorst met Gerrit Maritz as president en Hendrik Potgieter as 'leger kommandant' verkies wat aan die Groot Trek 'n geoganiseerde vorm gee.

Teen April 1837 het die behoefte ontstaan dat nuwe bestuursreëlings so gou moontlik getref moes word, want naas die trekke van Maritz en Potgieter het onder andere ook die trekke van Uys en Piet Retief hulle in die omgewing van Thaba Nchu bevind. Dit het gebeur op 'n vergadering wat gehou is op Maandag 17 April 1837 in Maritz se laer. Op daardie vergadering is Piet Retief tot goewerneur en hoofkommandant verkies en Maritz tot magistraat en President. By hierdie geleentheid is 'n nuwe bestuursliggaam deur die Voortrekkers gekies wat as die 'Raad van Politie' bekend sou staan. Op twee na is al die bestuurslede van 2 Desember 1836 herkies. Potgieter se plek is egter deur Retief ingeneem terwyl Kruger deur M Oosthuizen vervang is. Hoewel daar verskillende trekgeselskappe was – elk met sy eie leier – moet die verkiesing van 'n eie regering gesien word as die aanduiding dat die gemeenskaplike nie op die agtergrond gestoot is nie (Pelser 1949:6).

Met die totstandkoming van hierdie tweede bestuur of regering van die Voortrekkers word die Groot Trek op 'n vaste grondslag geplaas wat eers wesenlik sou verander met die totstandkoming van die die Republiek Natalia. Die vergadering van 17 April 1837 is dus 'n baie belangrike datum in die Suid-Afrikaanse staatkundige geskiedenis. Hier word binne vier maande vir die tweede keer deur die emigrante besluit en bekragtig dat hulle 'n vrye, onafhanklike volk is met eie regeringsinstansies wat los staan van die Kaapse koloniale bewind. Hierdie onafhanklike volk het nog aan die begin gestaan van hulle strewe om ook 'n eie vaderland te bekom – die een groot doelwit van die Voortrekkers wat hulle nie uit die oog verloor het nie. Die strewe om 'n eie vaderland te verkry, sou egter van die Voortrekkers groot offers vra (Storm 1989:27).

## 5. DIE OFFERS VIR VRYHEID

Vryheid koop 'n mens nie met twee mossies en 'n stuiwer nie. Vryheid vereis bloed en smart. Smart, ontbering, teenspoed, armoede en ellende – dit is alles deel van die koopsom. Hoe hoër die prys, hoe kosbaarder die vryheid. Die mens kan nie nie 'n deel van homself gee nie. Hy moet gee wat God van hom vereis. God eis net die beste, die kosbaarste, die dierbaarste, want niks op aarde is kosbaarder as vryheid nie. En as 'n mens swak en klein word, sal hy die vryheid nie beërwe nie, want dan verdien hy dit nie (Venter 1970:109).

Die offers wat die Voortrekkers moes bring, was geweldig. Niemand kan werklik vandag besef watter ontberings, ellende en opofferings hulle moes bring in hulle soeke na vryheid en reg nie. Vir baie mense is die Groot Trek 'n gebeurtenis wat geïdealiseer word as 'n avontuurlike gebeurtenis. Maar dit was allermins die geval. Reeds in hulle voorbereiding om die binneland in te trek moes die Voortrekkers groot offers bring. Eerstens moes hulle van hulle vaste eiendom ontslae raak. In hierdie verband het hulle groot verliese gelei, want die eiendom is meestal vir 'n appel en 'n ei verkoop. Vir die Afrikaner was dit nie maklik nie, want hy was baie geheg aan sy plaas. Baie families is ook geskei, aangesien sekere familielede getrek het terwyl ander in die Kolonie agtergebly het.

Op trek is baie ontberings verduur. Riviere, rante en berge moes oorgesteek word met ossewaens. Vrouens en kinders moes ver ente stap en met die vee help. Die veiligheid van woonhuise is verruil vir die ooptes en die gevare van die ongetemde wildernis. Die warmte van die binnekamer moes plek maak vir die koue en die ongerief van 'n watent. Rondom oop vure moes voedsel dag vir dag voorberei word, nieteenstaande reën, wind, koue of hitte. Alleen maar die noodsaaklikste benodigdhede wat plek op die wa kon kry kon saamgeneem word en dit was maar min!

Die Groot Trek sou ook 'n geweldige tol eis aan veral veebesittings en mENselewens. Alleen die genade van God en die uiterste geloof in hulle Skepper sou die Voortrekkers kon laat vashou en voortstreef na hulle vryheidsideaal. So byvoorbeeld het daar van die trekgroepe van Louis Tregardt en Van Rensburg – wat die Groot Trek ingelui het – byna niks en niemand oorgebly nie (Duvenhage 1986:50).

Die trekgroep van Hendrik Potgieter het met die Slag van Vegkop geweldige skade gelei. Ongeveer 100 perde, tussen 4 000 en 7 000 beeste en 40 000 skape en bokke is deur die Matabeles geroof (Venter 1985:31). Tydens die geveg is twee mans gedood en verskeie gewond. Afgesien van die pyn en ongemak wat die gewondes moes verduur was die toestande haglik in die laer. Geen slagvee was beskikbaar nie en die mense het begin honger lei. Wat sake vererger het was die

lyke wat om die laer gelê het en begin ontbind het. Die onveiligheid, ongerief, ellende en smarte wat hierdie mense moes deurmaak, is moeilik voorstelbaar.

Maar vele ellendes het nog vir die Voortrekkers voorgelê in die land onder die berg – Natal. Ná die verraderlike moord op Piet Retief en sy klein kommando op 6 Februarie 1838, het Dingaan sy Zoeloe-regimente opdrag gegee om al die Voortrekkers uit te wis langs die Bloukrans- en Boesmansriviere. In die gebeurtenis wat later as die Groot Moord bekend sou staan, het die Zoeloekrygers in 'n verrassingsaanval op 17 Februarie 1838 die Voortrekkers verskriklike lyding aangedoen. Nie minder nie as 40 mans, 56 vrouens, 185 kinders en oor die 200 gekleurde bediendes is vermoor. Behalwe die verlies aan menselewens het die Voortrekkers ook 25 000 beeste verloor. En nog was dit nie die einde van die donker dae in hierdie vreeslike tyd van die Afrikaner se geskiedenis nie. In April 1838 het die eerste strafekspedisie teen die Zoeloes misluk en is Piet Uys by Italeni gedood. Hendrik Potgieter, verwyt as verantwoordelik vir die neerlaag van Italeni, het Transvaal toe getrek en in Augustus 1838 moes die Voortrekkers verbete veg om nog 'n aanval van die Zoeloes af te slaan. Vasgekeer in drie laers, te wete Sooilaer, Modderlaer en Veglaer, het armoede, gebrek en veral kindersiektes die Voortrekkers se lot vererger. Om alles te kroon het Gerrit Maritz in September 1838 gesterf. Die Voortrekkers was dus op daardie stadium boonop leierloos. Paniekbevange, hartseer, moedeloos en verarm is die vraag gevra: Is alles die moeite werd; moet daar nie teruggetrek word na die Kolonie nie? Is die prys van vryheid so hoog?

Tog is daar volhardend vasgehou aan hulle ideaal, want daar is geglo: God sal help.

## 6. 'N VADERLAND WORD VOORBEREI

### 6.1 Transvaal

Met die verlating van die Kaapkolonie het die Voortrekkers 'n besliste doel voor oë gehad, naamlik om 'n vry en onafhanklike volk te word en te wees. Piet Retief het hierdie strewe baie duidelik in sy bekende Manifes soos volg uitgedruk: 'Ons verlaat die Kolonie met die volle versekering dat die Engelse regering niks meer van ons te vorder het nie en ons, sonder verdere bemoeiing, sal toelaat om ons in die toekoms self te bestuur.' Hulle strewe na en reg op politieke onafhanklikheid is origens deur die Natalse Volksraad in 1841 en 1842 met krag bevestig en uiteengesit (Voortrekker-argiefstukke R85/41).

Die ander Voortrekkerleiers was met dieselfde vryheidsgees besiel. Hendrik Potgieter en later ook Andries Pretorius het met belistheid gestel dat hulle hulle aan geen moondheid in die wêreld en die minste van almal aan Engeland, sou

onderwerp. Hulle begeer slegs wat ander nasies besit, naamlik 'n eie vaderland waar hulle as onafhanklike volk kan leef volgens eie tradisies en onder eie wette.

Waar die vaderland sou wees, was maklik om te besluit. Onmiddellik noord van die Kaapkolonie het die ganse Transoranje (Vrystaat) onbewoond gelê. Anderkant die Drakensberg, suid van die Tugelarivier was die vrugbare land van Natal. Hierdie hele gebied van die Tugela tot by die Fingoland in die suide was heeltemal verlate en sonder mense. 'n Groot deel van die binneland van suidelike Afrika was dus leeg en gereed vir bewoning en bewerking.

Deur 'n merkwaardige sameloop van omstandighede het die Groot Trek op so 'n geskikte oomblik plaasgevind. Dit het begin met die opkoms van die bekende krygsman-tiran, Tsjaka, as hoof van die Amasoeloe in die gebied oorkant die Tugela omstreeks 1817. Met sy dissipline, krygsmetodes en ongeëwenaarde wreedheid en veroweringsplanne het hy die ganse suide, weste en noordweste van Natal verdelg – 'n beleid wat deur sy opvolger, Dingaan, voortgesit is.

In 'n wegvlug voor die verwoesting van Tsjaka, het die Amahlubi onder leiding van hulle vrouekaptein, Mantatisi, weer weswaarts gevlug en moord en doodslag gestig sover soos hulle gegaan het. Dit word aangeneem dat nie minder nie as 28 kleiner stamme vernietig is voodat hierdie moordbende in Junie 1823 deur die Griekwas verslaan is nie (Kruger 1979:209).

Nog groter verwoesting is aangerig deur Silkaats, 'n vroëre generaal van Tsjaka wat met 'n afdeling Zoeloes onder sy bevel uit Zoeloeland weggevlug het. Hy het Transvaal in die ooste binnegetrek en so ver as wat hy gegaan het alle ander stamme uitgewis. Tussen hom en die impi's van Tsjaka moes 'n wildernis geskep word. Uiteindelik het hy hom gevestig in die huidige distrik Marico, by Mosega en Kapaïn, waarvandaan hy en sy Matebelevolk die omliggende land en ander stamme verwoes het.

Toe die Voortrekkers in die Noorde verskyn het was daar dus aan die kus en in die binneland groot onbewoonde gebiede waar hulle hulle kon gaan vestig. Soos dit hulle voorneme was, sou hulle sonder bloedvergieting of verowering 'n heenkome en 'n vaderland in die leë binneland van Afrika kon vind.

Min het hulle egter geweet dat 'n vaderland sonder stryd nie vir hulle beskore was nie. Silkaats het die koms van die Voortrekkers met agterdog en vrees dopgehou en stuur reeds in Augustus 1836 'n impi van ongeveer 1 000 man om die voorste Voortrekkers in die omgewing van die Vaalrivier uit te wis. Eers het hulle 'n jaggeselskap uit die kolonie onder leiding van 'n sekere Erasmus aangeval, daarna is die Liebenbergs naby die huidige Parys oorval en byna heeltemaal uitgewis. Verder af langs die Vaalrivier het 'n ander groep Voortrekkers – die Steyns en die Bothas – hulle ten nouer nood gehandhaaf en die Matebele afgeweer.

Hendrik Potgieter, pas terug uit die verre Noorde waar hy besoek gebring het aan Louis Trichardt, het in aller yl boodskappers uitgestuur om die mense te waarsku om laer te trek. 'n Beter opdrag kon hy nie gegee het nie. Skaars twee maande later, waarskynlik tussen 16 en 20 Oktober, het die Matebele met 6 000 krygers die Voortrekkers by Vegkop aangeval. Hoewel die aanval afgeslaan is, het die Matebele al die Voortrekkers se vee gebuit. Uit 'n militêre oogpunt was dit 'n klinkende oorwinning vir die kwalik 40 weerbares, maar oornag is hulle egter verarm tot die bedelstand. So ernstig was die situasie dat die Potgietertrek nie eers trekvee gehad het om van Vegkop af pad te gee nie. Eers nadat Gerrit Maritz, wat intussen met sy trek by Blesberg in die Suid-Vrystaat aangekom het, en opperhoof Moroka van Thaba Nchu hulle kom help het, kon hulle uit hierdie treurige toestand verlos word.

Die slag van Vegkop het verreikende gevolge gehad. Vereers het die Groot Trek tot stilstand gekom. Solank as wat die Matebelegevaar daar was, sou 'n trek na die noorde selfmoord beteken. Verskeie Voortrekkers, onder andere Hendrik Potgieter, het slegs hulle ryperde oorgehad en het byna in 'n oogwink armlastig geword. Die gesteelde vee sou verhaal moes word. In sy Manifes het Retief die gesindheid van die Voortrekkers neergelê met die woorde: 'Ons sal geen volk molêsteer en aan niemand die geringste eiendom ontneem nie; maar as ons aangeval word, sal ons ons ten volle geregtig beskou om ons persoon en eiendom te verdedig tot die uiterste toe teen ènige vyand.' Potgieter sou nou in die gees hiervan handel. Deur middel van twee strafekspedisies teen die Matebele sou Silkaats se heerskappy in Transvaal verbreek word en sou daar nie alleen vir die Voortrekkers nie, maar ook vir die onderdrukte stamme 'n weg tot lewensbestaan in Transvaal geopen word.

Op Maandag 2 Januarie 1837 het die Potgieter-Maritz-kommando Blesberg verlaat. Met die wete dat oorwinning alleen van God kan kom, het die kommando saans in smeekgebede die seën van God op hulle veldtog afgemeek. Ook in laers is daar bidure gehou vir die 'uitgetrokken kommando in de stryd'. Nooit het hulle op eie krag die stryd probeer stry nie. Na aanleiding van die suksesvolle veldslag op 17 Januarie skryf Sarel Cilliers die volgende: 'En de nood drong ons dat wij met 107 man het ondernam om tegen de magtige vyand op te trekken, en onze God gaf hem in ons handen dat wij hem een groot nederlaag gaf...niet een van ons gemis...' (Gerdener 1925:116).

Hoewel daar nie so baie vee terug gekry is soos daar gehoop is nie, was die straftog om 'n ander rede baie belangrik: 'n Sekere sendeling wat te Mosega tevergeefs probeer het om 'n sendingstasie daar te stig, het besluit om saam met die Voortrekkers terug te keer. Dit was Daniël Lindley wat vanaf 1840 'n baie belangrike bydrae sou lewer in die Voortrekkerkerk. Vanuit die gemeente op Pietermaritz-

burg sou hy die hele Voortrekkergemeenskap van ongeveer 12 000 lidmate bedien – 'n gebied wat gestrek het vanaf Durban in die ooste tot by Marico, sy eertydse werkplek, in die weste. Van Lindley het die Voortrekkers later gesê: 'Een naam die liefelik klink in Afrikaner oren' (kyk Rex 1971:135).

Die tweede strafekspedisie sou in November 1837 plaasvind. Die 330 man is hierdie keer deur Potgieter en Piet Uys aangevoer. Potgieter se kop het van die begin van die trek Transvaal se kant toe gestaan en hoewel die meeste Voortrekkers Natal toe wou trek, het hy die samewerking van Maritz en Uys verkry om 'n tweede veldtog teen Silkaats te loods. Vanaf 4 November 1837 het daar sowat nege dae verwoede gevegte plaasgevind wat die Matebelemag heeltemal verbreek het en Silkaats se mag in Transvaal totaal beëindig het. Sondag 12 November, die dag waarop die laaste gevegte plaasgevind het, is 'n dankdiens onder leiding van Sarel Cilliers gehou waarin die Voortrekkers hulle erkentlikheid en dankbaarheid teenoor God betoon het. Hierdie onwrikbare Godsvertroue en eer blyk ook uit wat Cilliers later oor hierdie veldtog geskryf het: 'Daarna gingen wij andermaal tegen hen op, deze keer gaf de Heer onzen God, hem weder in onze handen, dat wij hem ten onderbragten' (Rex 1971:80).

Na hierdie negedaagse slag waarin die Matebele oor die Limpopo verdryf is, het Potgieter 'n proklamasie uitgevaardig waarin hy as skadeloosstelling vir die swaar verliese wat die Voortrekkers in lewe en goedere gely het, besit neem van al die grondgebied waaroor Silkaats tot op daardie stadium aanspraak gemaak het en wat hy ten tye van die aanspraak ontruim het. Die proklamasie is uitgevaardig kragtens die regte van 'n oorwinnaar in 'n regverdige saak. As in gedagte gehou word dat Potgieter ook die gebied tussen die die Vet- en die Vaalrivier van die nie-blanke opperhoof, Makwana, gekoop het, kan besef word dat die hele Wes-Transvaal, Sentraal-Transvaal en Noord-Vrystaat vir die blanke beskawing verseker was. Onder leiding van Hendrik Potgieter is dus twee-derdes van die latere Voortrekkerrepubliek bewoonbaar gemaak. Slegs Natal moes nou nog verkry word as woonplek vir die Voortrekkers.

Die rol wat Hendrik Potgieter as Voortrekkerpionier vervul het, kan moeilik oorskat word. Na die anneksasie van Natal en die Vrystaat deur Brittanje, sou Transvaal as die enigste onafhanklike Voortrekkergebied oor wees. Hier sou die Boerevolk homself selfstandig en onafhanklik kon uitleef. Maar in Transvaal sou ook die Voortrekkerkerk, wat vanaf 1855 onder geen ander naam as die Nederduitch Hervormde Kerk bekend wou staan nie, geleentheid kry om te groei en te bloei. Self sou Potgieter twee van die oudste Hervormde gemeentes in Transvaal stig, te wete Potchefstroom en Zoutpansbergdorp (Schoemansdal). En hier bestaan

die Nederduitsch Hervomde Kerk – die ou Voortrekkerkerk – vandag nog en dien sy lidmate vir God in vryheid en in vrede.

### 6.2 Natal

Terwyl Hendrik Potgieter die Matebelevolk onder Silkaats verslaan en Transvaal en die Noord-Vrystaat vir bewoning beveilig het, het Piet Retief vir hom en sy volgelinge 'n toesegging van grond van Dingaan gekry onder sekere voorwaardes. Retief is egter verraderlik op 6 Februarie 1838 deur Dingaan vermoor. Dit is ook bekend hoedat Dingaan hierna die Voortrekkers by Bloukrans, Boesmansrivier en Wenen laat vermoor het. Ná hierdie verraderlike optredes van die Zoeloes wou Piet Uys Dingaan straf en het hy Potgieter se hulp ingeroep. Hierdie strafkommando het 'n nederlaag by Italeni teen die Zoeloes gely en moes haastig vlug om die dood te ontkom. Piet Uys en sy seun Dirkie het egter omgekom. Ná die geveg is verwyte geslinger teen Potgieter dat hy sy plig versuim het in die geveg. Potgieter, nooit besonder geheg aan Natal nie, het – nadat verwytend die vinger na hom gewys is as verantwoordelik vir die neerlaag van Italeni en Piet Uys se dood – koersgevat na die hoogland wes van die Drakensberge. Hier is Potchefstroom deur hom aangelê en het hy gewoon tot omstreeks 1845, waarna hy verhuis het, eers na Oos-Transvaal en later na die Zoutpansberge.

Die maande ná hierdie Groot Moord was seker die donkerste tyd in die Voortrekkergeskiedenis, veral ná die Italeniveldslag. Aandag moes gegee word aan hulle wat die aanvalle oorleef het en weduwees en wese moes versorg word. Vrees vir nog meer aanvalle deur die Zoeloes het hulle in drie laers – Sooilaer, Modderlaer en Veglaer – vasgepen. Daar was armoede, gebrek en siektes onder die Voortrekkers en om alles te kroon het Gerrit Maritz, die laaste van die erkende leiers van die Voortrekkers, in September 1838 gesterf, sodat hulle toe ook leierloos was.

Met die aankoms van Andries Jacobus Wilhelmus Pretorius in die laers op 22 November 1838 het daar egter 'n dramatiese wending ingetree in die geskiedenis van die Voortrekkers. Aangewys as hoofkommandant op 26 November, het hy reeds op die volgende dag uitgetrek teen die Zoeloes van Dingaan. Uit historiese bronne is dit duidelik dat die Voortrekkers vir 'n geruime tyd besig was om hulle voor te berei vir die stryd wat op hulle gewag het. Die veghekke wat die waens aanmekaar moes hou in die komende veldslag was gereed, die 57 waens waarmee getrek sou word het reg gestaan en reeds vanaf 9 November het versterkings byna daagliks opgedaag.

Naas Pretorius se deeglike voorbereiding vir die militêre stryd, was een van die vernaamste kenmerke van sy leierskap die klem wat hy gelê het op die geestelike

voorbereiding van sy kommando vir die stryd. 'n Gereelde godsdiensoefening is trouens van die eerste aand af gehou. In die volgende dae is daar twee maal per dag godsdiens gehou. Op Sondae het die kommando as 'n geheel vergader. Dan het Sarel Cilliers die godsdiens gelei. Die gewone daaglikse godsdiens is op drie verskillende plekke deur Cilliers, Karel Landman en Pieter Joubert waargeneem. Volgens Jan Bantjes se getuienis het elkeen van die drie persone sy eie 'gemeente' gehad. Hierdie geloofserns is 'n duidelike bewys dat die Voortrekkers van meet af besef het dat sonder die hulp van die Here die stryd nie gestry kon word nie.

Volgens Sarel Cilliers sou Andries Pretorius reeds op Sondag 2 Desember 1838 die gedagte van 'n gelofte met hom bespreek het en waarskynlik dit ook met ander lede van die kommando gedoen het (Liebenberg 1977:29). Cilliers was aanvanklik nie geesdriftig oor Pretorius se voorstel nie, maar het na verdere oordenking sy aanvanklike beswaar laat vaar en ingestem met die idee om 'n gelofte af te lê. Op die aand van 5 Desember het Cilliers hierdie gedagte te Danskraal aan die kommando bekend gemaak.

Op Saterdag 8 Desember het die kommando die Sondagsrivier oorgesteek en voortgetrek tot aan die Wasbankrivier. Die Wasbankrivier het volgens oorlewering sy naam te danke aan die grootskaalse wassery wat die lede van die kommando daar gedoen het. Aangesien dit die volgende dag Sondag was, het die trekkers hier oorgestaan. En hier by die Wasbankrivier het die Kommando op Sondag 9 Desember 1838 die bekende gelofte aan God gedoen waarin die oorwinning afgesmeek is. F J Liebenberg, na aanleiding van Jan Bantjes se dagboek, skryf dat Pretorius die Sondagoggend die drie persone wat altyd die godsdiens gelei het, geroep het en hulle meegedeel het dat hy 'aan den Almagtigen eene gelofte doen wilde, [indien allen wel wilden], om zoo de Heere ons de overwinning geven mogt, een Huis tot zynes Grooten Naams gedachtenis te stichten, alwaar het hem zal behagen – en dat zij ook moesten afsmeken, de hulp en bystand van God, om deze gelofte zeker te kunnen volbrengen, en dat wij den dag der overwinning, in een boek zullen aanteekenen om dezelve bekend te maken, zelfs aan onze laatste nageslachten, op dat het ter Eere van God gevierd mag worden' (Liebenberg 1977:32).

Die gemeentes van die drie godsdiensleiers het geen beswaar teen die aflegging van so 'n gelofte gehad nie en Sarel Cilliers is aangewys om die aflegging van die gelofte tydens die oggenderediens waar te neem.

Sarel Cillers het die diens begin deur te laat sing van Psalm 38 strofes 12 tot 16, daarna het hy 'n gebed gedoen en toe gepreek vanuit Rigters 6:1-24. Hierna is die gelofte in 'n gebed afgelê. Jan Bantjes, Pretorius se eie verklaring, asook Cilliers bevestig dat die gelofte in die vorm van 'n gebed afgelê is. (Merkwaardig is dat ons tot vandag toe nog jaarliks die gelofte aflê deur eenvoudig Sarel Cilliers se aankon-

diging wat hy te Danskraal tot sy 'Broeders en medelandgenoten' gerig het as basis te neem.) In die daaropvolgende dae is die gelofte met elke aandgodsdiens- oefening herhaal.

Wat hierna gevolg het, is vir elke gelowige Afrikaner en nasaat van die Voortrekkers 'n Godswonder: 'n Volmaakte gevegsterrein is gevind vir die geveg wat voorgelê het. Hier, teenaan die Ncomerivier was 'n gelyk en oop wêreld met 'n feitlik onbeperkte uitsig in alle rigtings. Aan die suidekant was 'n baie diep sloot wat in die rivier ingeloop het. Die rivier self het op hierdie plek 'n reuse seekoegat gevorm. Deur die laer in hierdie natuurlike driehoek te trek, was die suide- en oostekant volkome beskerm teen stormlope uit daardie rigtings. Ook die nat- en misweer wat die hele week geduur het en so maklik die gang van die geveg kon bepaal het deur die kruit klam te maak waarmee die voorlaaiergewere gelaai is, het opgeklaar. Op 16 Desember 1838, die dag wat bepalend was vir die Afrikaner se voortbestaan in Natal, die dag wat sou bepaal of die Groot Trek sou eindig in chaos of triomf, het die oggend helder in die Ooste gebreek. Nog steeds sou net 'n Godswonder die Voortrekkers kon red. Rondom die laer het die totale Zoeloemag onder aanvoering van Dingaan se twee vernaamste hoofmanne, Ndlela en Tambuza, gereed gelê. Daarteenoor was daar maar 468 mense in die laer – 'n kleine Gideonsbende teen 'n oormag van sowat 10 000.

Wat op die dag gebeur het, is geskiedenis – dit was die slag van Bloedrivier, die grootste militêre prestasie in die geskiedenis van Suid-Afrika. Aan Voortrekkerkant is drie persone, onder andere kommandant Pretorius gewond. Aan Zoeloekant het meer as drieduisend gesneuwel. Tog het die Voortrekkers nooit so oor die slag gepraat nie, want die oorwinning het aan God behoort. Wat menslik onmoontlik was het God laat gebeur.

Op 21 Desember 1838 het die Voortrekkers hulle laer veskuif na die nou verlate hoofstad van Dingaan. By een van die geraamtes wat aan persoonlike besittings uitgeken is as dié van Piet Retief, is ook sy dokumentesak gevind. Die binneste dokumente het geen teken van bekadiging getoon nie. Een van die onbeskadigde dokumente wat in die sak gevind is, was die verklaring deur Dingaan dat hy die grond tussen die Tugela en die Unzimvuburiviere aan Piet Retief en sy volksgenote afgestaan het. Die Voortrekkers kon dus regmatig aanspraak maak op Natal!

## 7. SAMEVATTING

Die oorsaak van die Groot Trek was 'n omvattende soiale revolusie wat op die Afrikanervolk afgedwing is, wat die volk van sy eiendomlikheid en sy identiteit sou beroof en wat sy toekoms sou vernietig. Hierteen het 'n hele volksbeweging in op-

stand gekom. Beskerming van hulle identiteit het die Afrikanergrensboere as 'n belangrike skeppingsopdrag gesien, want behoud van hulle identiteit is gesien as voorvereiste vir die voortsetting van hulle volk se lewe. Die Voortrekkers het dit as hulle reg gesien om hulle identiteit te bepaal en te beskerm.

Die doel van die Groot Trek was vryheid – vryheid in 'n eie land en onder 'n eie owerheid. Niks minder as dit was goed genoeg vir die Trekkerboer nie. Hulle moes vry wees van koloniale oorheersing, hulle moes vry wees van taalbedreiging, hulle moes vry wees van kultuurimperialisme. Daarvoor was 'n eie land en 'n eie owerheid 'n absolute voorvereiste. En daarvoor is stryd gevoer, geweldige opoffering gemaak en baie lewens gegee.

Dat die ideale van die Groot Trek bereik is, kan nie betwyfel word nie. In die leë binneland van Suid-Afrika het hulle vir hulle nageslag 'n nuwe land geskep om in te woon. Inderdaad was hulle ook die grondleggers van die Afrikanervolk – 'n volk wat egter moes besef dat geestelike en maatskaplike vryheid en selfstandigheid nooit werklik die 'besit' van 'n volk is nie, maar dat dit altyd opnuut verwerf moet word. Indien die Suid-Afrikaners daarom nie bereid is om self die toekoms beheersend te bepaal nie, sal volksvreemdes dit vir hulle doen. Hier geld die bekende woorde van A T Culwish:

> This was a land without a wheel, a lamp, a match to light a fire, a pencil or a pen, without a blanket. None could make a button, or a buttonhole to fasten his skins about him in the wind. Superstition, pestilence and famine stalked the land and ruled men's lives. War and raiding were unending. Who changed it? Who brought peace and progress, education, commerce, coinage, banking, credit, transport, towns and cities, ships and harbours, power, intensive agriculture, enough te eat? Who brought law and order, security of life and property, respect for other tribes and races?
>
> Those who brought a thousand benefits must themselves maintain and guard them. None other can.

## Literatuurverwysings

Duvenhage, G D J 1981. *Van die Tarka na die Transgariep*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

--- 1986. *Die Groot Trek: Die eerste drie jaar*, Deel 1: Vegkop. Pretoria: Afrikanervolkswag.

*G H Despatch Book* 23/11, 1836. D'Urban–Glenelg, 2917.1837. Staatargief bewaarplek: Kaapstad.

Gerdener, G B A 1925. Sarel Cilliers – die vader van Dingaansdag. Pretoria: Van Schaik.

Kotze, D J s j. Letters of the American missionaries. M Champion-London Missionary Society, April 9, 1838, p 215.

Kruger, D W 1979. *Geskiedenis van Suid Afrika.* Goodwood: Nasou Beperk.

Liebenberg, B J 1977. *Andries Pretorius in Natal.* Pretoria: Academia.

Muller, C F J 1974. *Die Oorsprong van die Groot Trek.* Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

Pelser, A N 1949. Die Groot Trek 'n kort oorsig. Amptelike program en gedenkboek Pretoria 13-16 Desember 1949. Ongepubliseerd.

Pienaar, S W 1964. *Glo in u volk: Dr D F Malan as redenaar, 1908-1954.* Kaapstad.

Pont, A D s j. Die Herderlijke brief van die Sinode van 1827. *HTS* 34/4, 91.

Rex, H 1971. *Voorgeskiedenis en geskiedenis Nederduitsch Hervormde Kerk.* Gemeente Zeerust (Marico): HAUM.

*South African Commercial Advertiser,* August 5, 1837, October 14, 1837, November 4 1837.

Spoelstra, B 1963. *Die Doppers in Suid Afrika, 1760-1899.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel Beperk.

Storm, J M G 1989. *Die Voortrekkerkerk 1836-1853.* Pretoria: KITAL.

Venter, C 1985. Die Groot Trek. Kaapstad: Don Nelson. (Erfenis reeks.)

Venter, F A 1970. *Gelofteland.* Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

Voortrekker-argiefstukke R85/41. Transvaalse Staatsargief. Korrespondensie van die staatsekretaris.

Wichman, F A F s j. Die wordingsgeskiedenis van die ZAR, 1838-1860. *Argief jaarboek van S A Geskiedenis* 4/2, 3.

Wolmarans, J N s j. Die invloed van die godsdiens op die vorming van die Afrikaanse karakter. *HTS* 25/3 & 4, 189vv.